Vis en tjips

Kontekstuele vraag

Deur: Marieta Nel

Vraag 1

Beantwoord onderstaande vrae nadat jy die volgende gelees het:

"Dis Zolani Memani," sê my pa. "Zolani, dis my dogter, Crystal." Ek kyk na die ou wat voor my staan.

Hy is amper 'n kop langer as ek. Sy hare is kort geskeer.

Daar is 'n frons tussen sy ligbruin oë.

Hy het 'n sterk gesig, soos my ouma sou sê. Die soort gesig wat jy met houtskool sou teken.

Op sy T-hemp staan: Cool gang.

Ek rol my oë. So, dis hoe iemand lyk wat teen mure verf. En drankbottels en sigaretstompies in 'n dolfyn se tenk gooi.

"Haai," groet hy.

Ek ignoreer hom. "Ek sal die verf gaan haal," sê ek vir my pa. Zolani Memani grinnik en vou sy arms voor sy bors. Dit lyk of hy my tart.

Ek draai om en stap weg.

Ek kan nie glo ek gaan amper die hele Desembervakansie in sy gesig vaskyk nie.

1. Watter soort verteller vind ons in hierdie verhaal? (1)
2. Waar werk Crystal se pa? Wat doen hy? (2)
3. Die eerste sin van hierdie hoofstuk sluit aan by die laaste sin van die vorige hoofstuk. Verduidelik. (2)
4. Hoekom, dink jy, is daar 'n frons tussen Zolani se oë? (2)
5. Waarom rol Crystal haar oë nadat sy die woorde op Zolani se T-hemp gelees het? (3)

6. Hoekom gaan Crystal die hele Desembervakansie in Zolani se gesig vaskyk? (2)
7. Waarom voel Crystal dat sý eintlik die een is wat gestraf word? (2)
8. Sou jy Zolani as 'n vandaal beskou? Verduidelik. (3)
9. Wie is oom Jules en waarom voel hy skuldig? (2)
10. "Jy kan begin om jou kunswerk dood te verf." Waarom is hierdie sin ironies? (2)
11. Hoe kan dit dubbelsinnig vertolk word wanneer Crystal sê sy sal Zolani kom roep wanneer die haaie gevoer word? (2)
12. Dink jy Crystal vind Zolani aantreklik, al is sy so aggressief teenoor hom? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

/25

Memorandum

1. Eerstepersoons- of ek-verteller. (1)
2. Aqua World. Hy is die bestuurder. (Hy het waarskynlik 'n agtergrond in mariene biologie.) (2)
3. Die vorige hoofstuk eindig met die woorde: Wie op aarde sal so iets simpels aanvang? Hierdie hoofstuk begin met die antwoord op Crystal se vraag: Zolani Memani is die seun wat die "simpel" ding aangevang het. (2)
4. Hy weet nie hoe hy ontvang gaan word nie, want almal weet hy is die vandaal. (2)
5. Sy dink dis allesbehalwe "cool" wat hy gedoen het. Hy is voor op die wa om so 'n T-hemp te dra. (3)
6. Zolani gaan die hele Desembervakansie by Aqua World werk as straf. Crystal werk ook vakansies daar. (2)
7. Sy moet elke dag in 'n vandaal se gesig vaskyk. (2)
8. Ja. Hy het ingebreek, graffiti geverf en drankbottels en sigaretstompies in die dolfynpoel gegooi. (3)
9. Die nagwag. Hy het geslaap toe die seuns ingebreek het. (2)
10. Die graffiti teen die muur is allesbehalwe 'n kunswerk. (2)
11. Crystal bedoel sy sal Zolani kom roep sodat hy die haaie se kos kan opsny en hulle voer. Dit kan egter ook vertolk word as 'n dreigement dat sy hom vir die haaie wil voer. (2)
12. Ja, waarskynlik. Toe sy hom die eerste keer sien, bekyk sy hom duidelik van kop tot tone en sy let op dat hy 'n "sterk gesig" het. Later sien sy ook sy breë skouers raak. (2)

/25